

Sing voorafstaande: Skrifberyming 2-4:3 (33:3)

- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde" is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:6 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Geloofsbelydenis: Nicea/Apostolicum

Na die wet aanbid ons God met Psalm 116:9 (p. 570).

Wet

Psalm 116:9 (p. 570)

- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 89:8 (p. 445)

- 8 U het voorheen, o HEER, u goddelike lig / laat uitstraal voor ons heen in sienersvérgesig;
U 't van 'n saak gemeld in donker nog verlore: / My hulp verleen Ek aan 'n held deur My verkore,
aan Dawid, aan my kneg, met kosb're self oorgote, / wat Ek verhoog het uit sy stam- en ryksgenote.

Skriflesing: Eksodus 14

Teks: Eksodus 14:19-27

God sluit oop en toe.

- Hy verkies in die Here Jesus Christus vir Hom 'n kerkvolk, van die skepping af tot met die einde van die aarde se geskiedenis – so staan dit ook in ons belydenis geskryf.
- God bewaar hierdie uitverkorenes elke dag van hulle lewe.
 - Hy maak vir hulle moontlikhede oop om verlos te word.
 - Wanneer die Here hulle verlos, doen hy dit met soveel mag dat Hy die teruggang na die doderyk toe finaal afsny.

In die gedeelte wat ons saam gelees het, trek al hierdie dinge saam, naamlik die uitverkiesing, en daarby ook nog die dood en die kruisverdienste van die Here Jesus.

Die werklike probleem in hierdie gedeelte is geleë in die konflik wat bestaan tussen die hemel en die hel.

- Die Israeliete is God se uitverkore volk, en die magte van die hel probeer om aardse magte aan te wend om hulle te vernietig.
- Hier word dit aangetoon dat God by sy volk is as Hy hulle verlos. Hy is daar in die Persoon van die Engel van die Here.

Kom ons kry net eers duidelikheid oor die Engel van die Here: Wie is Hy?

- Hy is die Hoof van al die engele – maar Jesus is ook die Hoof oor al die engele.
- Die Engel van die Here is 'n ongeskape Engel – en God is die enigste ongeskape Wese.
- Die Engel van die Here is altyd in 'n versoeningsrol – terwyl Jesus die enigste ware Versoener is.

Die Engel van die Here is dus niemand anders nie as die Here Jesus in sy Ou-Testamentiese gestalte.

Kom ons kyk nou, met dit in gedagte, weer na hierdie geskiedenis.

- Die Egiptenare is hier 'n werktuig wat deur die duivel gebruik word om God se volk seer te maak.
 - Die volk van God staan diep in 'n bedreiging.
- Dan begin God om hierdie volk te verlos.
 - Die Israeliete trek deur 'n hoë Hand.
 - God se hand dra hulle voetstappe, en sy sterke hand laat hulle voortgaan deur die warm sand.

Ons kry hierdie skerp kontras ook in Numeri 33:3, 4.

Hulle het van Raämses af opgebreek in die eerste maand, op die vyftiende dag van die eerste maand; op die dag ná die pasga het die kinders van Israel deur 'n hoë hand voor die oë van al die Egiptenaars uitgetrek, terwyl die Egiptenaars besig was om dié te begrawe wat die HERE onder hulle verslaan het, al die eersgeborenes; ook het die HERE aan hulle gode strafgerigte voltrek. (Numeri 33:3, 4 AFR1953)

- Aan die een kant is die Egiptenare – verslae. Hulle is besig om hulle dooies te begrawe na die dood van al die eersgeborenes.
- Aan die ander kant is die volk besig om weg te trek onder 'n hoë Hand.

Die betekenis hiervan is dat die Here hierin al klaar aan die Egiptenare openbaar het waar hulle met Hom staan.

Maar God is nog nie klaar met die heidene nie. Meteens beveel die Here dat die Israeliete moet omdraai.

- Menslik gesien is hulle posisie dan ook benard, wat aan die een kant het hulle dan berge wat hulle nie kan oor nie en aan die ander kant is daar die verskriklike woestyn wat hulle nie kan oorleef nie.
- Omdat hulle begin omdraai het, het hulle meteens die Egiptiese leër aan die ander kant.

Maar dit was 'n lokval van die Here waarmee Hy die Egiptenare onder die waan wou bring dat die Israeliete verdwaal het.

- Die Here het geweet dat hulle dan die volk sou agtervolg.
- Dit het toe ook so gebeur.

Kyk nou na die verbondsvolk, en sien hulle soos hulle werklik in daardie dae was.

- Hulle was moeg en moedeloos – warm en verbrand op die woestynsand.
- Hulle was in opstand, want ons lees dat hulle hier al vir die eerste keer gemurmureer het.
- Nou moet hulle nog omdraai ook, en reg in die wapens van die vyand inloop.

Maar dis nie wat God wil hê nie. Hy wil 'n definitiewe skeiding hê tussen sy volk en die heidene.

- Daarom sluit Hy vir hulle 'n nuwe pad oop – 'n pad van verlossing en lewe.
- Moses moet sy staf in sy hand neem en oor die see uitsteek. Dit dui die rigting aan: dis die pad wat God wil hê sy volk moet loop.

Kyk wat het daardie nag gebeur: Daar waar geen moontlikheid van deurgang is nie, daar maak God 'n pad oop vir sy verbondsvolk.

- Hy laat hulle werklik uit die dood instap in die lewe in.
- Dis simbolies daarvan dat God die gelowige uit die hand van die satan uitruk, en hom 'n pad van die lewe laat loop waarin die satan nie kan volg nie.

Farao en sy manne volg wel, maar hulle sterf.

- Die pad word oor hulle toegemaak, en almal word verdrink.
- Die pad word so toegemaak dat die verbondsvolk ook nie kan terugdraai nie.
- Die skeiding tussen hulle en die verlede is beslis en onoorkombaar.

U moet ook dink aan die teenwoordigheid van God.

- Die wolkkolom het voor die volk uitgetrek.
- Maar by hierdie geleentheid het die wolkkolom tussen Israel en die Egiptenare ingegaan.
- Die Egiptenare is verstik in die donker, terwyl die Israeliete op dieselfde oomblik lig op hulle pad gehad het.

Daarby het die Engel van die Here ook nog tussen hulle en die Egiptenare gaan staan.

- As Farao by die Israeliete wou uitkom, moes hy eers by die Here self verbykom.
- Dit is iets soortgelyks soos wat met Bileam en sy donkie gebeur het, toe die Engel sy pad versper het.

Dit is ook die Christusprediking van hierdie gedeelte. Die Bybel sê dat die Egiptenare besef het dat die Here vir sy volk stry.

- Dit is waar, want hierdie deurtog deur die Rooisee is 'n vooruitwysing na die doop.
- Wat leer die doop? Dit: Die Here Jesus het gesterf en is begrawe ter wille van ons sondes.

Dit gaan dus in die doop oor dood en lewe. Soos wat die geskiedenis van Israel ook hier aantoon.

- Dit gaan dus oor ons sterf en opstaan – soos wat die Israeliete deur die see kon trek, met behoud van hulle lewens, terwyl hulle eintlik moes gesterf het.
- Hulle stap anderkant uit met 'n nuwe lewe, en 'n nuwe toekoms. 'n Nuwe land wat vir hulle wag!
- Dit was wat die Here Jesus vir hulle verwerf het.

Aan die kruis het die Here Jesus gesterf – sy lewe heeltemal afgelê.

- Maar Hy doen dit op so 'n manier dat Hy die mag van die satan totaal verbreek, want Hy sterf nie deur die toedoen van die dood nie – Hy lê sy lewe self af.
- Daarna neem Hy weer self sy lewe op uit die dood!

Wanneer Jesus uit die dood opstaan, dan breek Hy die magte van die hel uitmekaar, soos wat Farao se magte daardie dag uitmekaar gebreek is.

- Farao se sogenaamde magtige leer is almal verdrink en daar is geen krag oor nie.

- Die Here openbaar jare later aan die apostel Johannes dat hierdie stuk geskiedenis simbolies was van die Here Jesus se oorwinning oor die dier en sy trawante aan die einde van die dae.

Die voorspel wat by die Rooisee afgespeel het, was juis wat van ons waar geword het deur die versoening van die Here Jesus Christus.

- Soos wat dit daardie dag by die Rooisee was toe die Engel van die Here tussen die volk en die satan gaan staan het, so staan die Here Jesus ook tussen ons die satan.
- Omdat ons uitverkorenes is, het Hy vir ons deur sy dood 'n pad oopgemaak in God se koninkryk in.

As ons dieselfde terme wil gebruik as wat in die teksgedeelte staan, sou ons dit so kon oortel:

- Die Here Jesus laat ons deur die lewe gaan soos wat Hy die Israeliete deur die Rooisee laat deurtrek.
- Deurentyd staan Hy tussen ons en die satan.
 - Hy sorg dat ons nie weer kan terugtrek in die verderf en sondeverlorenheid in nie.
 - En Hy keer ook dat die satan nie by ons uitkom nie.

Toe die volk klaar deurgetrek het, het die Here die waters weer laat terugloop. Dan is die skeiding heeltemal finaal.

Maar let duidelik op dat hierin ook 'n oordeelspreek vervat is.

- Die deur wat die Here oopsluit, is net vir sy eiendom.
- Dis nie enigeen wat kan deurloop nie – die Egiptenare kon nie, al wou hulle hoe graag.

Toe God die deurgang toegemaak het, was dit toe vir albei partye.

- Die Israeliete kon nie teruggaan nie en die Egiptenare kon nie deurkom nie.
- In Jesus Christus is die skeiding tussen hemel en hel ook finaal en nie ophefbaar nie.

Kyk na die sterk eis tot gehoorsaamheid in hierdie saak.

- Die volk wou eers nie terugdraai nie. Hulle het gemurmureer.
- Sou hulle weier, was hulle aan die verkeerde kant – aan die kant van die dood.

Maar nou word die krag van die uitverkiesing hierin gedemonstreer.

- Die volk van God is almal droogvoets deur die Rooisee. Almal!
- Die ander die agtervolgers en God se vyande – is almal verdrink!

Hierdie gedeelte preek weer 'n keer vir ons dat ons moet weet dat die Engel van die Here – Jesus Christus – tussen ons en die sonde gaan staan het, soos wat Hy daardie nag tussen Israel en die Egiptenare gaan staan het.

- Ons het reeds deur sy opstanding in die nuwe lewe ingegaan.
- Daarom moet ons luister na die stem van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees praat ons aan en leer ons wanneer ons verkeerd doen – want die Here staan tussen ons en die sonde.

Maar Hy staan ook so naby aan ons dat niks wat ons doen sy oog of sy aandag ontglip nie.

Leef dus 'n lewe van blydschap in die vertrouwe van u verlossing! En moet God nie versoek nie, want Hy sluit toe waar ons dink dat dit onmoontlik is – net soos Hy ook oopsluit waar ons dink dat dit onmoontlik is.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:1 (24:1)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 15 Mei 2011